Ons Springbokke Storm Weer!

Hier Word Ons Eie Vredeskorps Vir Afrika Opgelei

● *Die ander soort „Springbok-stormloop" word hier uitgebeeld deur 'n vrolike groepie jongmense op Wag-'n-Bietjie, by Bryanston. Hulle is die deelnemers aan die musiekspel wat Morele Herbewapening nou oor die hele land opvoer. Dié jongmans en meisies, Afrikaans- en Engelssprekend, het 'n nuwe, uitdagende boodskap vir die jeug van ons land.*

VERTROULIK Aan U

Deur APIE GREEFF

IN die ou dae het ons 'n Springbok-stormloop geken as 'n groen gevaarte op 'n rugbyveld met bulle soos Chris Koch, Saltie du Rand en Basie van Wyk op die voorpunt. Vir ons rugbymense het dit hartkloppings gegee.

Vandag is dié soort platloopbewegings ongelukkig skaarser aan Springbokkant. Maar nou is 'n nuwe „stormloop" op 'n ander terrein aan die gang onder ons jong mense. Dis minder bekend maar net so inspirerend, en dra ook die mooi titel van "Springbok-stormloop".

As u nog nie so gelukkig was om hierdie unieke musiektreffer op die verhoog te sien nie, sal u nou wil weet wat op aarde ek bedoel. Kom, laat ek vertel!

Die Danie Cravens van hierdie beweging is mnr. en mev. Nico Ferreira en 'n stuk of twintig jongmense van „Wag-'n-Bietjie" in Bryanston, Johannesburg. Hulle het uit alle dele van ons land gekom, self die liedjies vir die musiekspel geskryf, en voer dit self op. Die afgelope naweek was hulle daarmee op die Vrystaatse Goudveld en in Kroonstad.

Ek het nog nie gehoor hoe hul ontvangs in die Vrystaat was nie, maar aan die Wes-Rand die ander aand wou die geesdriftige gehoor aan die einde nie die saal verlaat nie. En oor hul opvoering in Johannesburg het 'n bekende dagblad geskryf dat 'n groep jongmense nog selde 'n gehoor so positief oorweldig het soos met die opvoering van „Springbok-stormloop".

Gehuil

„Hulle is vyf minute lank staande toegejuig; drie maal teruggeroep, en die saal het elke keer gebewe van die applous. Een oubaas het onbeskaamd gehuil toe die gordyn vir die laaste keer gesak het," skryf die blad. En na hul vertoning vir die S.A. Vloot het „Vlootnuus" berig dat die sanggroep dit uiters moeilik gevind het om hul vertoning af te sluit — die gehoor wou dit eenvoudig nie toelaat nie.

Nou waarom al hierdie geesdrif vir die sang en musiek van 'n groepie amateurs?

As u eers met hulle kennis gemaak het, sal u weet waarom hierdie jongmense boodskap so aansteeklik is. Ek het vir hulle gaan kuier op Wag-'n-Bietjie en daar gesels met Nico Ferreira en 'n klompie van die 23 „Stormloop"-spelers.

Die mooi huis op 10 acres is aan Morele Herbewapening geskenk deur 'n myningenieur. Daar was wel 'n verband op, maar dit het vir hulle 'n bymekaarkomplek gebied waar hulle kosteloos kon oefen vir die konsert en hulself voorberei vir die groot taak wat hulle vir hulself en vir Suid-Afrika stel.

Douvoordag elke môre is die groep uit die vere vir 'n wandeling of liggaamsoefening, dan Bybelstudie en die beplanning van die dag se werk en daarna doen die jongmense al die kook- en huiswerk self. Binnekort sal hulle ook self ekstra kamers aanbou vir meer huisvesting. Die meeste boumateriaal is aan hulle geskenk. Niemand kry enige betaling nie en niemand het ook eintlik geld nodig tydens hul verblyf op Wag-'n-Bietjie nie.

Hul oortuiging en strewe druk hulle so uit: „Springbok-stormloop is die versinnebeelding van ons geloof in Suid-Afrika en sy toekomsrol in Afrika. As die mees ontwikkelde land in Afrika het ons 'n verantwoordelikheid en 'n unieke taak. Ons wil nie so verstrik raak in ons eie probleme dat ons die geleentheid mis om oplossings te probeer vind vir die korrupsie, haat en verdeeldheid op hier die Vasteland nie.

„Met gesonde morele waardes vasberadenheid en moed—deur die morele herbewapening van ons geslag—kan ons werk en beplan vir die hele Afrika, sodat onafhanklikheid oral gegrond kan wees op ware vryheid—vryheid om God te gehoorsaam, en vryheid om ons diepste oortuigings uit te leef."

Gesonde Kontak

Hulle glo dat God die leidende krag in die lewens van mense en volke moet word, en dat almal saam 'n einde kan maak aan geweld, diktatorskap en kommunisme. En hul doel is om die mure van wantroue, haat en vooroordeel af te breek vir gesonde kontak tussen S.A. en die res van Afrika. Daarvoor moet by ons jeug onkreukbare leierskap gekweek word.

Dis waarmee mnr. en mev. Nico Ferreira en hul jongspan by Bryanston besig is. As u ook al getwyfel het oor ons jeug en waar ons toekomstige leiers vandaan moet kom, dan moet u 'n slag met hierdie ernstige jongmense gaan gesels.

Hulle word voorberei vir 'n stormloop wat die leierskap in Afrika vreedsaam vir ons kan verseker — 'n soort van S.A. Vredeskorps vir Swart Afrika!—deur die geestelike en materiële ontwikkeling van die nuwe onafhanklike state.

Hulle idee is aan die marsjeer. Daarom die ongekende geesdrif by elke opvoering van „Springbok-stormloop".

Landstem 5 Apr. 1967